# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 24

> *So is Joas dood. Hy is in die Dawidstad begrawe, maar nie in 'n koningsgraf nie. (2 Kron 24:25)*

Die verhaal van koning Joas is tragies. Hy het so goed begin. Hy het vir die grootste deel van sy regeertyd al die regte

dinge gedoen. Hy het hom met passie vir die werk van die Here beywer, en het die tempel in al sy glorie herstel ná die verwaarlosing en aftakeling onder Atalia se bewind.


Die geheim van sy vroeëre goeie regering is grotendeels toe te skryf aan die leiding wat hy by sy peetpa en oom, die priester Jojada, gekry het. Toe dié se invloed na sy dood weggeval het, het Joas nie geweet hoe om die leemte te vul nie. Die leiers van Juda, wat teruggehunker het na die afgodsdiens van Baäl, het hulle kans waargeneem en hom weggelok van sy ou weë.

Joas se laaste jare het ’n streep getrek deur ’n betekenisvolle koningskap. Sy eie mense het dit so beleef (vers 25).

Ons lees ongelukkig vandag steeds van Joasse. Teologiese dosente, predikante en ander wat op ’n stadium met ywer die saak van die Here gedien het, maar dan hulle geloof los en post-Christelik word.

Daarom: waardeer jou mentors. Wees ’n mentor. En volhard (Heb 3:14).

---



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …

# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 23

> *Toe bring hulle die seun van die koning vorentoe en kroon hom en oorhandig aan hom die koninklike volmag. So het hulle hom koning gemaak. Jojada en sy seuns het hom gesalf en geroep: "Lank lewe die koning!" (2 Kron 23:11)*

Atalia se regering het die Baäldiens in Juda laat floreer, nes haar ma Isebel gesorg het dat Israel die Baäls aanbid het. Daarom het die priester Jojada as eerste daad ná Atalia tereggestel is, die Baäldiens beëindig (vers 17). Toe kon Joas die paleis as regmatige koning betrek (vers 20).

Die staatsgreep word net in 'n paar sinne vertel, maar dis duidelik dat dit 'n baie delikate oefening was wat Jojada in fyn detail uitgevoer het, sodat daar nie haakplekke sou kom nie. Hy moes dit in die geheim doen, want as Atalia snuf in die neus gekry het, was alles tevergeefs.

Selfs al weet jy jou saak is reg en dat jy binne die Here se wil is, moet jy steeds jou huiswerk doen en fyn beplan as jy iets nuuts wil aanpak. Jy kan nie instorm en verwag die Here moet alles vir jou laat uitwerk nie. Ja, God is in beheer, maar Hy het jou verstand gegee om te doen wat reg is. Bring

jou kant!

---


- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek



# Hoofstuk van die dag: 2

# Kronieke 22

> *Joas is ses jaar by hulle in die tempel versteek, en in dié tyd het Atalia die land geregeer. (2 Kron 22:12)*

Dit was een van die donkerste tye in Juda se geskiedenis. Die huis van Dawid was oënskynlik volledig uitgewis. Eers het Joram al sy broers laat vermoor, en Jehu het hand bygesit (vers 7-9). Ná Ahasia se dood het Atalia die res van die koningshuis laat doodmaak. ’n Mens kan beswaarlik glo dat ’n ouma al haar agterkleinkinders kon uitwis, maar dis wat gebeur as jy in die kloue van Satan beland. Jy word ’n monster.
Satan het waarskynlik geglo dat hy gewen het, net soos hy jare later geskater het van lekkerkry toe die laaste en grootste Seun van Dawid op Golgota gesterf het. Maar hy het nie gewen nie, en hy sal ook nooit kan wen nie, want die mag behoort aan God. Daarom lees ons dat een van die prinsesse, Jehoseba suster van Ahasia, die babaseuntjie Joas stilletjies weggesteek het sodat hy sy grootouma Atalia se moordbende ontsnap het. Dit laat ’n mens nogal aan Herodes se kindermoord in Betlehem dink, en Jesus wat ontsnap het.
Ons God bly in beheer, ondanks die listige aanslae van Satan. Ook in jou lewe!

---




- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my

# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 21

> *Hy het die pad van die konings van Israel geloop soos die koningshuis van Agab gedoen het, want hy was getroud met 'n dogter van Agab. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. (2 Kron 21:6)*

Dit bly 'n raaisel hoe dit kan gebeur dat 'n ouer soos Josafat, wat naby die Here geleef het, só 'n deugniet vir 'n seun kon hê. Menige ouer worstel met dié vraag as hulle kind nie op die regte pad bly nie. Sonde bly 'n misterie.

Dis nie net Josafat se seun nie. 'n Hele paar ander Bybelfigure se kinders het ook van God weggedraai, soos Eli, Samuel en Dawid s'n. Dalk het Josafat 'n aandeel aan Joram se keuses gehad. Josafat se vriendskap met Agab het van die begin af net moeilikheid gebring. Die glans van Agab en Isebel het

hom verblind, en met Atalia aan Joram se sy was die uiteinde eintlik te verwagte.
Al wat ons uiteindelik oor Joram kan sê, is dat God nie slaap nie (vers 12-15). En dat ons aan God se genade moet vasklou, ook vir ons kinders se heil. Net Hy kan ons kinders op die regte pad hou.

---

# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 20

> *Ons weet nie wat om te doen nie. Ons oë is op U gerig. (2 Kron 20:12)*

Ons lees ook dat Dawid die Here in ’n geveg geraadpleeg het, maar dit het meer oor die regte taktiek gegaan. Hy was ’n briljante militêre strateeg, en daarom sou hy waarskynlik anders as Josafat opgetree het. Hy sou sy krygsmag gebruik het.

Josafat was nie ’n vegter nie. Daarom het ’n groot oormag hom bang gemaak. Hy wys ons dat jy nie mag nodig het om te slaag nie. God veg vir sy kinders. Daarom roep Josafat sy mense byeen op ’n vasdag en smeek God om uitkoms. Sy vertroue lê daarin dat God in die verlede al telkens tot sy volk se redding gekom het, en dit gee hom vrymoedigheid om nou weer daarvoor te vra.

Opmerklik is hoeveel daar gemaak word van aanbidding en lof in hierdie gedeelte (verse 19, 22 en 28). Wanneer ’n mens voor God staan, of dit nou in nood of in dankbaarheid is, behoort lof altyd voorop te staan. Daarom sê Dawid in Ps 34:2 dat die Here se lof altyd op sy lippe sal wees. Kyk ook na Heb 13:15 en Hand 16:25.

Bid, vertrou, loof. Dis die resep vir elke dag.

---


- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede

# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 19

> *Daar het die siener Jehu seun van Ganani hom voorgestaan en vir koning Josafat gesê: "Wou u 'n goddelose help en aan 'n hater van die Here liefde betoon? Met hierdie optrede van u het u die toorn van die Here op u laat kom. (2 Kron 19:2)*

Ons lees 'n paar keer in die Bybel dat 'n verteenwoordiger van God die koning moes aanspreek. Samuel het koning Saul aangespreek omdat hy nie die Amalekiete met die banvloek getref het, soos sy opdrag was nie. Saul se reaksie was om sy optrede te verdedig (1 Sam 15:20-21). Toe Natan Dawid aangespreek het oor sy sonde met Batseba, het Dawid sy skuld bely (2 Sam 12:13), maar koning Asa was woedend toe hý

aangespreek is en het die siener Ganani in die tronk gegooi (2 Kron 16:10).
Josafat het nie soos sy pa gereageer toe die siener Jehu hom aangespreek het nie. Hy het gaan regmaak wat hy verbrou het deur te sorg dat die volk die Here gehoorsaam, en die regstelsel reggeruk deur toe te sien dat die regters onkreukbaar was (vers 4-11).
Ons trap almal die een of ander tyd skeef. Dis deel van menswees. Die vraag is: hoe reageer jy as jy daaroor aangepraat word?



© Bybelkoerant 2018 – 2026